Jaarverslag 2011

Wynbedryf

SA Jongwynskou

Die Suid-Afrikaanse Jongwynskou bied wynmakers die geleentheid om hul beste wyne van die huidige oesjaar ten toon te stel. Die agt deelnemende wynstreke sluit in Robertson, Worcester, Stellenbosch, die Paarl, Oranje-Vaal, Olifantsrivier, Swartland en die Klein Karoo. Die skou, die land se oudste wynkompetisie, dateer terug na 1833 toe hierdie Genootskap die eerste wynskou in Suid-Afrika aangebied het.

Op 19 Augustus 2010 is die SA Jongwynskou se proegeleentheid en toekenningsmiddagete by die Lord Charles Hotel in Somerset-Wes aangebied. 'n Nuwe toevoeging tot vanjaar se skou was 'n opleidingswerkwinkel vir opkomende wynmakers, kelder- en wingerdwerkers, geborg deur Agri-Expo en aangebied deur Charl Theron. Die werkwinkel het sake aangespreek soos die geskiedenis van die SA Jongwynskou, die belangrikheid van die korrekte trek van monsters, proeriglyne en die uitwys van foutiewe wyne. Die sessie is afgesluit met 'n groepsproegeleentheid van die Goud, Silwer en Brons wenwyne. Die Generaal Smuts trofee is vanjaar deur Flagstone Winery ingepalm met hul uitstaande Sémillon.

Veritas

Agri-Expo het op 8 Oktober die 20ste Veritas Toekenningsdinee in samewerking met die SANWSV (Suid-Afrikaanse Nasionale Wynskouvereniging) by die Kaasptad Internasionale Konvensiesentrum (KIKS) aangebied – 'n geleentheid wat deur 850 gaste bygewoon is. Drie Lewende Legendes van die Wynbedryf is hier vereer en brandewyn is vir die eerste keer in die Veritas-geskiedenis saam met wyn beoordeel. Na afloop van die hoofmaal is gaste genooi om van die bekroonde brandewyne te proe.

Kultivarwerkgroepe

Agri-Expo bied finansiële ondersteuning aan die verskeie werkgroepe vir vergelykende proeë, werkwinkels en seminare, wat bydra tot die ontwikkeling van die onderskeie kultivars. Gedurende die afgelope jaar is hierdie projek uitgebrei en verskeie werkgroepe funksioneer nou suksesvol.

Suiwel

Qualité kaas en Veritas wynproeë

Die drie jaarlikse openbare proeë van kaas wat Qualité Toekennings ontvang het, en as deel van die Veritas wynproegeleenthede in Kaapstad, Johannesburg en Durban aangebied word, is uiters suksesvol. Die doel van hierdie proeë is om die jaar se beste kase ten toon te stel en om die Qualité Toekennings as 'n betroubare aanwyser van suiwelkwaliteit te bevorder. Verbruikers en senior personeel van die gasvryheidsbedryf woon die proegeleenthede by en kommersiële kontakte word aan kaasmakerye aangestuur.

Die Suid-Afrikaanse Suiwelkampioenskappe

Die organisering en aanbied van die Suid-Afrikaanse Suiwelkampioenskappe vergelyk uitstekend met soortgelyke internasionale kompetisies. Vanjaar se beoordeling het op 31 Maart by die Belville Burgersentrum plaasgevind. Inskrywings vir hierdie kompetisie het gestabiliseer, maar die 875 inskrywings vir vanjaar se kompetisie is steeds bevredigend en die feit dat 77 suiwelvervaardigers hul produkte ingeskryf het, dui daarop dat die Kampioenskappe hoog geag word.

Nuwe klasse vir suiwelnagereg het rekordinskrywings gelok, terwyl die gewildheid van bokmelkprodukte steeds in die aantal inskrywings gereflekteer word. 'n Verdere voordeel van deelname is die waardevolle terugvoer vanaf die beoordelaars wat na die vervaardigers aangestuur word. Hierdie kommentaar stel vervaardigers in staat om hul produkte met die van mededingers te vergelyk en derhalwe te verbeter. Vervaardigers gebruik ook toenemend hul toekennings as deel van hul bemarkingstrategie deur die SA Kampioen en Qualité logos op die verpakking aan te bring.

'n Internasionale beoordelaar asook 'n vorige student wat deel was van die Boergondië Kaasmaak Uitruilskema is genooi om as beoordelaars op te tree en hul deelname het goeie publisiteit verseker.

Die beoordelaars se besluit om vanjaar se Produk van die Jaar titel aan 'n aangesuurde botter van Ladismith Kaas toe te ken was 'n verrassing, maar het tot gevolg gehad dat die produk weer op nasionale vlak vrygestel is – 'n aanduiding van die invloed wat die Kampioenskappe op kommersiële vlak het.

Die 2010 SA Suiwelkampioenskappe is deur EXSA aangewys as die Mees Onvergeetlike Geleentheid van die Jaar – 'n uitstaande prestasie en aanduiding van die kwaliteit van hierdie kompetisie.

Die Danisco Qualité Toekenningsdinee

Die feit dat Danisco ingestem het om die Qualité Toekenningsdinee vir die vierde jaar te borg, is bewys van die waarde en standaard van hierdie uitstekende geleentheid. Die dinee is op 27 April by

Bloemhof Hoër Meisieskool in Stellenbosch aangebied en word erken as die voorste suiwelgeleentheid in Suid-Afrika.

Hierdie geleentheid, waar die SA Kampioene, Qualité Toekennings en Suiwelproduk van die Jaar aangewys is, is deur 420 gaste vanuit al die sektore van die suiwelbedryf bygewoon. Die glansaand, met vermaak, goeie kos en wyn en onverwagte verrasssings, het goeie mediadekking in sowel die landbou- as bedryfsmedia ontvang.

Afrikaprojekte

Die volgende projekte is gedurende die afgelope jaar deur Agri-Expo vir SPEAR BK bestuur:

- Toerus van ‘n suiwellaboratorium in Beira en opleiding vir personeel;
- Individuele konsultasie met suiwelverwerkers in die Manica provinsie in Mosambiek;
- Opleiding van ‘n Mosambiekse veeartsenykundige in terme van higiëniese melkproduksie en -verwerking;
- Ontwerp, bou en toerus van ‘n melkverwerkingsaanleg in Beira;
- Keuring en opleiding van ses kaasmakers van Mosambiek, Malawi, Tanzanië en Zambië in Boergondië, Frankryk;
- Individuele konsultasie met melkverwerkers in Malawi en Zambië oor produkkwaliteit.

Internasionale kaaskompetisies

Die 2010 World Cheese Awards is in Manchester aangebied en Suid-Afrikaanse kase het weer eens ‘n aantal goue en silwer medaljes verower. Agri-Expo was Suid-Afrika se verteenwoordiger vir hierdie kompetisie en het al die logistieke aspekte van die inskrywing van plaaslike kase hanteer.

Kleinhandelsopleiding

Vier drie-dag opleidingsessies is deur Agri-Expo se Bestuurder: Suiwel aan die personeel van Suid-Afrika se grootste supermarkgroep gebied. Om personeel elders in die land dieselfde opleiding te bied, gebruik dié groep die opleidingsvideo wat gedurende die vorige finansiële jaar gemaak is.

Adviserende en konsultasiedienste

Groot en medium kaasmakerye het gereeld van Agri-Expo se konsultsasiediens gebruik gemaak. Kwaliteitsprobleme met suiwelprodukte is reggestel en ondersteuning is gebied in terme van die bekendstelling van nuwe produkte en fabrieksuitbreidings. ‘n Aantal lesings is ook by die sjef-opleidingskool gelewer.

Wes-Kaap/Boergondië Kaasmakersbeurs

Kaasmaakstudente van die Centre de Formation Professionnelle et de Promotion Agricole in Davayé, Boergondië, het die Wes-Kaap gedurende die jaar besoek om die Kaasfees by te woon en verskeie kaasmakerye te besoek. Vier Wes-Kaapse kaasmakers het Boergondië in September besoek en twee kaasmakers van Tanzanië en Kenia het by hulle aangesluit. Die samewerkingsooreenkoms bly steeds hoogs suksesvol en vorige studente se kaas toon groot verbetering. Die samewerkingsooreenkoms tussen die Boergondiese en Wes-Kaapse regerings is vir ‘n verdere vyf jaar hernu – goeie nuus vir plaaslike kaasmakers.

SA Kaasfees

Die besluit om Sandringham se hekke vir kaasliefhebbers te open om die 10de SA Kaasfees gedurende die naweek van 29 April tot 2 Mei te vier, het meer as 31 600 besoekers, asook die meeste uitstallers in die geskiedenis van die fees bymekaar gebring.

Die Sandringham terrein is in vier feesareas opgedeel – die Suiwelplein, Karnavalpark, Waterfront en Meander en die grootste kaasemporium nóg met ‘n vloeroppervlak van 3 200m². Daar was soveel kaasstalletjies dat die enorme verskeidenheid kase by ‘n totale bedieningsarea van 212m geproe kon word. Die vergrote Mall met Pinotage- en olyf-ervarings, spysenieringstalletjies in die vier areas, aanbiedings in die kosteater, ‘n leefstyl werkwinkel en die melkfabriek het verseker dat besoekers die hele dag by die fees deurgebring het. Naastenby 8 000 aanhangers van Nataniël, Brümilda van Rensburg, Shaleen Surtie Richards en Jenny Morris het daagliks by Checkers se Lewende Tafel aangesit vir topgehalte vermaak, eethappies en modes van befaamde ontwerpers.

Hierdie jaar het Agri-Expo se finansiële vennote weer hulle lojaliteit bewys. Verskeie borge stap reeds ‘n lang pad saam met die fees, terwyl nuwe borge ook betrokke geraak het. Ons wil graag dankie sê aan elke borg of verskaffer wat op welke wyse ook bygedra het tot die sukses van die 10de SA Kaasfees.

‘n Groot eer het ook die SA Kaasfees te beurt geval toe Premier Helen Zille tydens die 5de Internasionale Streeks-leierskongres die SA Kaasfees as ‘n Wes-Kaapse projek vir volhoubare voedselsekuriteit voorgestel het. Die projek is aanvaar en die ses betrokke provinsies, naamlik die Wes-Kaap, Shandong, Beiere, Georgia, Quebec en “Upper Austria”, sal poog om die projek in die volgende vyf jaar te ondersteun. Vanjaar was ons bevoorreg om ‘n verskeidenheid kase en ‘n kaasmaker van Beiere by die SA Kaasfees te kon verwelkom.

Beoordelaars van EXSA (Exhibition and Event Association of Southern Africa) het die fees en stalletjies beoordeel. Pryse is tydens die Uitstallersontbyt deur Min. Gerrit van Rensburg aan die volgende wenners oorhandig:

Portobello / Rhodes Foods	- Nasionale kaas
Arista Dairies	- Boetiekkaas
Boland Kelder	- Wyn
Pesto Princess Foods	- Verwante produkte
Marc's Mediterranean Cuisine	- Spyseniering
Simmentaler/Fleckvieh	- Melkfabriek

Die bemarkings- en mediaveldtog het die klem hoofsaaklik op die 10de verjaardag van die fees, asook die verskuiwing na 'n nuwe terrein geplaas en dekking ter waarde van R19,6m is gegenereer. Kaasliefhebbers, uitstallers en borge was dit eens: die SA Kaasfees se nuwe terrein is tops.

Perdebedryf

Kaapse Premier Jaaroudveiling

Agri-Expo is gekontrakteer om die jaarlikse Kaapse Premier Jaaroudveiling van 27-28 Januarie in die Kaapstad Internasionale Konvensiesentrum (KIKS) aan te bied. Dit was die eerste keer ter wêreld dat 'n jaaroud-veiling in die middel van 'n groot stad aangebied is. Permier Helen Zille het hierdie toonaangewende geleentheid amptelik geopen.

Vier uitstallingslokale in die KIKS was gevul met 304 stalle, terwyl die veilingring en stalletjies in Lokaal 1 opgestel is. Internasionale volbloedagente en perde-eienaars het van regoor die wêreld gevlieg om die geleentheid by te woon. Die tydsberekening van die geleentheid het saamgeval met Kaapstad se grootste perderesies, die J&B Met, en gaste is bederf met 'n 10-dag bonanza van die Kaap se wedrenwêreld.

Die finale totaal van die veiling was net onder R100 miljoen met die hoogste prys van R2 500 000 betaal vir twee hingsvullens. Die gemiddelde prys van die 290 jaarlinge was R404 205.

Kaapse Somer Jaaroudveiling

Die Kaapse Somer Jaaroudveiling is op 4 Maart by Sandringham aangebied. Slegs 154 jaarlinge was beskikbaar en die gemiddelde prys was R47 946, teenoor die R71 976 van die vorige jaar. Sandringham het homself as 'n uitstekende en gewilde terrein vir hierdie veiling bewys.

Streeks Merrie-en-Speenlingveiling

Die Streeks Merrie-en-Speenlingveiling het op 26 Maart op Sandringham plaasgevind. Die katalogus het uit 217 merries bestaan wat ‘n goeie gemiddelde prys van R53 854 behaal het. Die totaal was R5 547 000. Hoewel dit gedurende die opbou-stadium swaar gereën het, was die dag van die veiling ‘n besonderse dag wat goed ondersteun is.

Kaapse Skouperd Vereniging

Die jaarlikse skou van die Kaapse Skouperd Vereniging is vanjaar vroeg in Januarie in Wetton aangebied. 200 van Agri-Expo se stalle is vir hierdie geleentheid opgeslaan, en die Genootskap het ook as borg opgetree. Die skou bestaan hoofsaaklik uit Walliese en Hackney ponies en is besonder goed deur die gemeenskap ondersteun.

Ledeskoue

Landbouskougenootskappe

Agri-Expo tree op as borg by 24 landbouskoue wat lede van die Genootskap is. Hierdie ledeskoue bevorder vir baie jare die beeld van landbou en Agri-Expo is trots op wat hulle weereens hierdie jaar vermag het. Vyf nasionale, 20 provinsiale, twee interprovinsiale, 28 streeks en 31 klubkampioenskappe is onder die Agri-Expo vaandel by ledeskoue aangebied. Benewens hierdie aanbiedinge is daar ook jeug-, pluimveeskoue en opkomende boereskoue aangebied. Telersgenootskappe se terugvoer was baie positief en die belangstelling om in die Wes-Kaap te skou, groei geweldig.

Die algemene jaarvergadering van ledeskoue het vanjaar op 20 Julie te Moorreesburg plaasgevind. Tydens hierdie vergadering word skoudatums bespreek asook uitdagings in die skoubedryf en enige ander aangeleenthede wat betrekking het op skoue. Agri-Expo bied hierdie vergadering op ‘n rotasiebasis by verskillende landbougenootskappe aan. Die doel hiervan is dat skoue mekaar se fasiliteite kan verken en daaruit leer.

Landbouskoue in die Wes-Kaap is ‘n intergale deel van die gemeenskap op die platteland en vervul ‘n baie groot rol deur landbouprodukte teen mekaar te meet en sodoende die kwaliteit daarvan te verbeter. Agri-Expo is trots op die wyse waarop hierdie 24 skoue landbou by die algemene publiek bevorder en bedank elke vrywilliger wat op ‘n komitee of bestuur dien vir hul tyd wat afgestaan word om landbou opwindend aan die publiek bekend te stel.

Wes-Kaap Jonghoenderskou

Die doel van die jaarlikse Jonghoenderskou is om vertoners die geleentheid te gee om hul jong hoenders teen mekaar te laat meeding. In die verlede was hierdie ‘n een-dag skou, maar as proeflopie het die komitee besluit om dit hierdie jaar oor twee dae aan te bied. Hierdie besluit het groot byval gevind, veral by die lede wat lang afstande moet ry en dit het tot gevolg gehad dat vertoners van so ver as Beaufort-Wes, Prince Albert, Williston en Oudtshoorn gekom het om die skou te ondersteun. Die 36 vertoners se 709 inskrywings het 63 verskillende hoender- en eendrasse verteenwoordig. Oor die algemeen was die beoordelaars baie tevrede met die kondisie en gehalte van die pluimvee en heelwat lede van die publiek het daar kom inloer.

Ter voorbereiding vir die komende Wes-Kaap Kampioenskappe het die jeugskou-leerlinge hul teoretiese en praktiese eksamens afgelê en eksaminatore was baie in hul skik met die resultate.

Wes-Kaap Pluimvee Klubskou

Die jaarlikse Wes-Kaap Pluimvee Klubskou is vanaf 9 tot 11 Junie 2011 te Kleinplasie, Worcester aangebied en ‘n totaal van 1 642 inskrywings is van 51 vertoners ontvang. Hierdie inskrywings het 82 verskillende rasse hoenders en swemvoëls verteenwoordig. Inskrywings van so ver as Ermelo en Rustenburg is ontvang. Die beoordelaars was vol lof vir die goed voorbereide hoenders wat ingeskryf is, die algemene kondisie en ook vir die gehalte van die hoenders. Agri-Expo is trots op elke vertoner wat die moeite gedoen het om deel te neem.

Wes-Kaap Veteraantrekker- en enjinklubskou

Die Jaarlikse Veteraantrekker- en enjinklubskou is op Moorreesburg aangebied op 6 & 7 Augustus. Hierdie instansie bewaar die geskiedenis van ons landboubedrywighede en daarom tree Agri-Expo as hoofborg op by die jaarlikse skou. Vanjaar het meer as 4 000 besoekers die voorreg gehad om ongeveer 250 veteraantrekkers, 50 stilstaande enjins, groot hoeveelhede plaasimplemente, twee werkende smidswinkels, twee stoommasjiene en vele meer te sien. Baie nuwe lede het tydens hierdie ekspo by die klub aangesluit, wat aandui dat die entoesiasme en ingesteldheid t.o.v. bewaring wat deur die uitstallings en program opgewek word van onskatbare waarde is. ‘n Wisseltrofee vir die beste klein klub in die Wes-Kaap is deur Agri-Expo aan die klub beskikbaar gestel om as aansporing te dien vir die mees entoesiastiese klein klub. Vanjaar is hierdie trofee deur die Villiersdorp Klub verower.

Jeug

Jeugskoue

Die Wes-Kaap Landbou Jeugvereniging is ‘n onafhanklike organisasie met sy eie grondwet, bestuur en gedragsreëls. Agri-Expo tree op as hoofborg van hierdie vereniging. Vanjaar het die vereniging ses Streekskoue aangebied met 535 leerders wat deelgeneem het - Wynland 97, Eden 65, Cederberg 162, Overberg 55, Swartland 58, Boland 98.

Hierdie leerders neem deel aan die volgende afdelings:

- Wynland: Vleisbees, Suiwelbees, Melkbok, Boerbok, Wolskaap en Vleisskaap
- Eden: Vleisbees, Suiwelbees, Wolskaap, Vleisskaap, Pluimvee en Perde
- Cederberg: Melkbok, Boerbok, Angorabok, Wolskaap, Vleisskaap en Huisvlyt
- Overberg: Vleisbees, Suiwelbees, Wolskaap en Vleisskaap
- Swartland: Vleisbees, Wolskaap, Vleisskaap, Melkbok, Boerbok en Angorabokke
- Boland: Vleisbees, Suiwelbees, Wolskaap, Vleisskaap en Melkbok

Ontwikkelingskursusse is vanjaar op Lutzville en Buffeljagsrivier aangebied. Hierdie kursusse help dat daar nuwe deelnemers tot die jeugskou toetree en dat jeugskoue sodoende bevorder word.

Die Wes-Kaap Kampioenskappe is op Worcester aangebied en die standaard van die deelnemers reg oor die Wes-Kaap was van hoogstaande gehalte.

Die Nasionale Kampioenskappe is in September te Morgenzon Landbou Akademie aangebied. Die Wes-Kaap span het soos die afgelope vyf jaar die botoon gevoer en is weereens as die kampioene van hierdie kompetisie gekroon. Die span het 15 goue medaljes, 13 silwer en 8 brons verower. Agri-Expo wens elke leerder geluk wat betrokke is by hierdie inisiatief en baie tyd afstaan ter voorbereiding van kampioenskappe. Ons glo dat daarin geslaag word om ‘n voorliefde vir diere te kweek en ‘n besliste ondersteuningsbasis vir die toekoms van Landbou op te bou.

Landbouskole

Agri-Expo erken die finansiële druk wat opvoedkundige instellings vandag ervaar en het dit goed gedink om spesifiek landbouskole volgens hul behoeftes te ondersteun. Lenings word aan die drie landbouskole in die Wes-Kaap beskikbaar gestel om die standaard van die skool te verbeter en sodoende gehalte onderrig aan leerders te gee.

Gevolglik het Agri-Expo vanjaar vir Augsburg Landbou Gimnasium van ‘n lening voorsien om sitrus aan te plant. Hierdie projek sal help dat die skool se plaas in die toekoms meer inkomste genereer

sodat behoeftige kinders hierdeur gehelp kan word, opgraderings gedoen kan word en die hulpbronne op die plaas beter benut word. ‘n Projek van hierdie aard help ook om leerders te leer hoe om ‘n boord te vestig en te bestuur.

Agri-Expo ondersteun jaarliks die drie landbouskole in die Wes-Kaap met beurstoekennings tydens hul prysuitdelings. Hierdie beurse gaan aan die beste leerders in elke graad, asook aan leerders wat bo hul vermoë presteer het. Agri-Expo is trots op wat by hierdie drie skole in die Wes-Kaap vermag word.

Algemeen

Vroue Landbouvereniging Kaapland

Die VLVK se 81ste jaarkongres is vanaf 17 tot 19 Augustus 2010 in Kimberley aangebied. Die Genootskap het voortgebou op sy jarelange ondersteuning aan die Vereniging en ‘n borgskap is weer beskikbaar gestel vir die aanbied van hul kongres. Goeie erkenning vir die ondersteuning word gegee op VLVK se webtuiste, in gedrukte dokumente en by die kongres self.

Die Genootskap het weer sy trofeë aan Sirkel Tygerberg beskikbaar gestel vir toekenning by hulle jaarlikse skou. Die Bemarkingsbestuurder het die opening van hulle 44ste Sirkelkongres in Maart op Eensgezind, Klipheuwel bygewoon. Die kongres is deur VLV Durbanville aangebied, wat ook by hierdie geleentheid hulle 80ste verjaardag gevier het.

Landbouskrywers SA

In Oktober het Agri-Expo administratiewe ondersteuning gebied tydens die Landbouskrywers SA se jaarlikse fotokompetisie. Mnr Theuns Botha is aangewys as Landboufotograaf van die Jaar met hierdie wenfoto.

Bewaring

Die Genootskap ondersteun twee WWF projekte met ‘n jaarlikse toekenning aan hierdie organisasie vir die bewaring van die Oewerkonyn en die Karoo Eko-Skoleprojek waar leerders bewus gemaak word van omgewingsbewaring.

Sandringham

Weens die besluit van die Landbounavorsingsraad (LNR) om Bien Donné nie weer in die tydsgleuf van die SA Kaasfees aan Agri-Expo beskikbaar te stel nie, is daar na ‘n volledige ondersoek besluit om die SA Kaasfees op die Genootskap se eie perseel, Sandringham, aan te bied.

Aangesien daar nog nie vantevore so ‘n omvangryke projek op die plaas aangebied is nie, moes daar verskeie veranderinge aangebring word. As gevolg van die feit dat ‘n finale antwoord op ‘n baie laat stadium van die LNR ontvang is, moes die ontwikkelings binne ses maande plaasvind – met ‘n Desembervakansie as deel daarvan.

Weens die tipe aanbieding van die SA Kaasfees, was die eerste stap om die sentrale gedeelte van die plaas te hersoneer vanaf Landbousone 1 tot Toerisme-sonering, en om ‘n tydelike afwykingsonering van landbougrond te bekom. Die goedkeuring van hierdie soneringsaansoeke is eers aan die einde van Junie 2010 toegestaan en daar is onmiddelik met die volgende aansoek begin om permanente sonering van 5ha landbougrond vir uitstallings te bekom.

Intussen was die groot uitdaging om parkeerruimte te skep vir ‘n minimum van 2 500 motors. Onbenutte grond van 5ha is met swaar masjienerie gelyk gemaak, dreinering ingesit, besproeiing aangelê en gras aangeplant. ‘n Verdere uitdaging was die toegangsroetes na Sandringham en ‘n nuwe baksteenpad is vanaf die ingang gebou sodat daar ‘n toegewysde in- en uitbaan kon wees wat die verkeer makliker sal laat vloei. Een van die groot frustrasies was die gesloer met die goedkeuring van die nuwe toegangshek. ‘n Beperkende regulasie het veroorsaak dat die eindresultaat nie na wense is nie, en ‘n bottelnek veroorsaak. Die visuele beeld van die ingang na Sandringham is wel soos beplan is. Ander bestaande paaie op Sandringham is opgradeer, opritte na die arenas is gebou vir maklike toegang vir uitstallers en verskeie blokke trappe en egalige areas moes aangebring word om die perseel toeganklik te maak vir rolstoele. Verder is daar ook heelwat aandag gegee aan die verfraaiing van die terrein en die aanplant van bome.

Alhoewel die laaste bouers eers die oggend van die Kaasfees van die perseel af is, is die uitdaging voltooi, en was Sandringham gereed om meer as 31 000 lede van die publiek te ontvang.

Hiermee ook gelukwense aan al die personeel van die Genootskap wat onder baie druk moes funksioneer om Sandringham as nuwe spog venue gereed te kry.

Verder tot al die bogenoemde ontwikkelings is daar ook begin om ‘n nuwe “Cross Country Course” te vestig. Daar word tans hard gewerk om hierdie baan van internasionale standaard gereed te kry vir die 2011 Agri-Expo Perdeskou. Die baan is deur Dave Evans ontwerp wat die Olimpiese Spele-baan in 2008 ontwerp het.

Soos met enige terrein sal daar deurlopend aspekte wees wat aandag geniet of opgradeer moet word, maar die basis is gelê om Sandringham te vestig as die “Toegangsroete tot Landbou” in die Wes-Kaap.

Finansies

Die grootste risiko vir finansiële markte en die wêreldekonomie is steeds die hoë en stygende vlakke van staatskuld in die ontwikkelde ekonomieë. Europa se skuldkrisis en onsekerheid oor die globale ekonomiese toestande plaas aandelemarkte regoor die wêreld onder druk.

Dit is duidelik dat die internasionale ekonomiese omgewing ‘n geweldige impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie het. Fondsbestuurders waarsku dat die beleggingsomgewing oor die volgende 5 tot 10 jaar baie moeiliker as die afgelope dekade gaan wees en dat beleggers aansienlik kleiner opbrengste as dit waaraan hulle gewoond geraak het kan verwag.

Teen dié agtergrond is dit verblydend om terugvoer te kan gee oor die stand van Agri-Expo se beleggings. Die Genootskap se batebestuurders het met al sy beleggingsfondse die prestasie-maatstawwe bereik en die plaaslike beleggings het inflasie met gemak geklop. Die voortdurende sterkte van die rand het egter ‘n negatiewe impak op die omrekeningswaarde van die buitelandse beleggings gehad. Die rand is onnatuurlik sterk en die verwagting is dat dit sal verswak. Die portefeulje as geheel bly goed gediversifiseer tussen al die bateklasse, asook verskansingsfondse. Die fokus bly op billike en stabiele langtermynopbrengste en die vermyding van groot kapitaalverliese.